

Kersfees 2020

Wat bedoel jy wanneer jy vir iemand 'n geseënde kersfees toewens? Is 'n Geseënde kersfees 'n goeie kersfees vol vrede, familie, met 'n dak oor jou kop en 'n lekker kersete?

En wanneer ons vir mekaar veels geluk liewe maatjie sing, wat bedoel ons met: "mag Here jou seën." Wil ons dan hê dat die Here so 'n persoon vir nog baie jare sal spaar?

En wat bedoel ons regtig wanneer ons mekaar seën met die seën van Lied 268:

"Laat Heer U seën op hul daal, U guns uit Sion hul bestraal.

U wat beveel en dit geskied, wil Heer U seën oor hul gebied!

Die vraag is, wat is ons definisie van seën? Is seën net positiewe goed, so ietsie van die Here se bederf. Dat ons wêreld sal natreën, ons 'n goeie lewensmaat sal hê en finansiële voorspoed en goeie gesondheid sal geniet?

En as dit swaar gaan, het die Here sy seën dan aan my onttrek? Is die Here se seën nie in swaar tye nie?

Hoe lyk 'n God geseënde lewe? Dit lyk anders as hoe wêreld dink oor 'n geseënde lewe. Luister mooi hoe beskryf Jesus 'n geseënde lewe. Dit is nie altyd 'n maklike lewe nie. Dit is om trane te stort oor die seer van die wêreld, 'n lewe van nederige diens en vol vervolging. Dit is dus baie duidelik dat die Here ons ook seën in ons swaarkry.

Ons lees van 'n geseënde lewe in die eerste preek van Jesus in Matteus 5:3-12.

Om geseënd te wees beteken om werklik gelukkig te wees. Dit is 'n diep innerlike geluk wat nie afhanklik is van ons omstandighede nie. En niks of niemand kan dit steel nie. In Ps 1 in die Ou Vertaling is dit vertaal met: "welgeluksalig" Dit is vir my so mooi woord waarin ek sommer 'n driedubbele seën (wel-geluk-salig) sien.

Christus leer dat 'n werklike geseënde lewe begin by 'n verhouding met God. Dit vloei ook voort uit 'n verhouding met myself, wie ek is en 'n verhouding met die wêreld.

Jesus begin deur te sê: Geseënd, bly, gelukkig is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is.

Ek wil die beeld van 'n hart gebruik vir die res van die boodskap, anders gaan ek baie praat en julle baie luister en almal gaan min saamvat. 'n Mens se hart is in die Bybelse tyd gesien as die beheersentrum van jou lewe. Daarom lees ons in Spr 4:23: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."

'n Geseënde lewe begin waar ek besef dat ek vir alles afhanklik is van die Here. Dit begin die dag wat ek voor die Here buig en toelaat dat Hy my harde kliphart, my sondevuil hart uithaal en sy nuwe liefdeshart in my inplant. Dit is om 'n geestelike hartoorplanting te kry.

Een v mooiste voorbeelde van afhanklikheid van die Here vind ons in die verhaal van die Fariseer en tollenaar in Luk 18:9-14.

Hulle wat totaal afhanklik van die Here is, kry definitief 'n plek in die hemel.

'n Geseënde lewe vloei ook voort uit nie wat ek het, maar wie ek is. Omdat ek 'n geestelike hartoorplanting ondergaan het, het ek 'n hartseer, sagte en rein hart.

Ek treur. Ek is hartseer oor die pyn en swaarkry in wêreld en oor die nood van God se volk. Ek huil saam met Jesus wanneer hy Jerusalem inry. (Luk 19:41-42)

⁴¹Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daarvoor gehuil ⁴²en gesê: "As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor.

Wanneer ons so huil oor mense wat verlore gaan omdat hulle nie die Here as Verlosser aanneem nie, sal God self ons tranes afdroog.

In ons as geseëndes klop ook 'n sagte hart. Ons is sagmoedig. Ons dink nie ons is beter as ander nie. Ons weet nie altyd beter as ander mense nie. Omdat ons op God vertrou, is ons nie daarop uit om onself ten alle koste te handhaaf nie. In die nuwe hemel en aarde is daar nie plek vir hulle wat hulle eie belang soek, opstandiges, bakleiers en moeilikheidmakers nie. Die met 'n sagte hart sal die nuwe hemel en aarde beêrwe.

Geseëndes het ook 'n skoon hart. In Jes 1:18 nooi die Here ons uit: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol. Ek buig in berou voor die Here en laat toe dat Hy my lewe skoonwas. Met 'n skoongewaste hart, dien ek die Here met my hele hart.

Ons sien ook in die laaste plek dat 'n geseënde lewe ook te doen het met my verhouding met ander mense en met die wêreld. Geseënde, bly, gelukkig is hulle met 'n omgeehart.

'n Kind van die Here dryf nie saammet stroom nie. Ek doen nie dinge, veral nie verkeerde dinge, omdat almal dit doen nie. My gedrag word nie deur almal bepaal nie, maar deur Here. Ons honger en dors wat na wat reg, wat God se wil is. Met alles in ons, streef ons om te doen wat God vra.

Geseënd is die fluitjieblasers teen onreg en bedrog, God self sal in hulle behoeftes voorsien.

'n Omgee hart is barmhartig. Iemand is geseënd wanneer hy of sy sorg vir mense wat swaarkry. Ons is Jesus se hande en voete vir mense in nood. Wanneer ons regtig vir ander omgee, sal God wys hoeveel Hy vir ons omgee.

En ons is vredemakers. In Jes 9:5 lees ons: "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors." God sal ons sy kinders noem. Ons is kinders van die groot Vredemaker.

As God se kinders, sal ons vervolg word omdat ons doen wat reg is. Ons is geseënd wanneer mense ons, omdat ons Christene is, beledig en vervolg en alles wat sleg is van ons sê. Maar ons is dan in goeie geselskap want hulle het die profete en Jesus Christus net so voor ons vervolg.

Ek vat saam. Die wêreld is opsoek na geluk en seën, maar hulle soek op die verkeerde plekke.

Om geseënd, gelukkig te wees begin by 'n lewende verhouding met God. Wanneer ons toelaat dat Hy 'n hartoorplanting op ons doen, dan klop daar in ons as sy kinders die hart van die Here.

Geseënd is elkeen met 'n hartseer hart, 'n sagte hart, 'n skoon hart en 'n omgeehart.

Vir ons seën die Here met arms vol onverdiende geskenke. Hy sal ons vertroos en help om sy wil te doen. Hy sal in ons behoeftes voorsien. Hy sal ons sy kinders noem. En ons sal vir ewig by Hom bly, daar is geen groter seën, geen groter geluk as dit nie.

Amen